Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

25 Oktober 2024 Uitgawe: 4/4/2024

# UIT DIE KANTOOR

Die jaar is byna op sy rug en volgende week is ons reeds in week 5 van die kwartaal. Onderwysers is druk besig om die laaste akademiese werk af te handel.

Baie geluk aan die nuut verkose Leerderraad en Medialeiers vir 2025 wat ook in die week aangekondig is. Mag julle in die goeie voetspore van jul voorgangers volg. Die volledige naamlyste van die nuwe leiers vir 2025 is aangeheg.

Die afgelope week het die provinsiale spelkompetisie plaasgevind waar 3 van Tjokkies se top spellers gaan deelneem het. Baie geluk aan hierdie leerders wat uiters goed presteer het.

Eerskomende Donderdag vertrek ons Gr.7-leerders op hul jaarafsluitingstoer. Dit is hul afskeid na 7 jare saam in die laerskool. Aangesien ons nie ’n eie erkende hoërskool het waarheen ons Tjokkie-leerders gaan nie, is dit ons wyse van groet. ’n Tradisie by Tjokkies wat al vir verskeie jare plaasvind. Ons vertrou dat hulle dit baie gaan geniet.

Sterkte aan al die atlete wat hierdie naweek aan die JF Atletiekbyeenkoms deelneem. Daar is heelwat van ons Tjokkie-leerders in aksie. Hierdie byeenkoms dien as goeie voorbereiding vir die nuwe seisoen.

Volgende week begin die volgende fase van die verdere ontwikkeling van ons sportterrein. Ons grasprojek vorder fluks danksy u as ouers wat dit ondersteun. Daar is egter nog ’n groot gedeelte wat nog nie verkoop is nie. Die kompetisie onder die klasse sluit Dinsdag, 5 November, maar die sluitingsdatum op Karri vir die koop van gras is nog oop tot Donderdag, 21 November. Die gelukstrekking vir ouers sal saam met die Gr.7 afskeidsfunksie op Dinsdag, 26 November plaasvind. Help ons asb. om ons doelwit te bereik.

Be**grotingsvergadering:**


Ouers word weer vriendelik herinner aan die Begrotingsvergadering wat op Dinsdag, 12 November 2024 in die Ouditorium sal plaasvind.

Ouers word vriendelik versoek om dit by te woon, aangesien u die begroting en nuwe skoolgeld vir 2025 moet goedkeur. Die konsep begroting sal vanaf Dinsdag, 29 Oktober by die kantoor beskikbaar wees vir ouers om dit te kom besigtig indien hulle belangstel.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 25 Okt.: | Maths 24 Kompetisie |
| | GSF Lees-pretdag |
| | o/13 Krieket Aandliga |
| 26 Okt.: | JF Atletiekbyeenkoms |
| 28 Okt.: | o/9 Krieketliga |
| | Netbalproewe |
| 29 Okt.: | o/11 Krieketliga |
| 30 Okt.: | o/11 & o/13 Rugbyproewe |
| | o/11 Tennisliga vs Trompsburg en FP |
| | Kleuterskool Konsert |
| 31 Okt.: | Gr.7 Afskeidstoer |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 26 Okt.: | Ds. Thania Botha (Jeugwerker) |
| 27 Okt.: | Juf. Maryka Conradie (Gr. 2) |


# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Sien asseblief die aanhangsel hierby aangeheg.






## GEMEENSKAPSPROJEK



# Tjokkies help diere…






Komberse (oud of nuut, mens of dier)
Blikkieskos (honde of katte)
Pille vir die diere (honde , katte)
Saad vir voëltjies
Water (5 liter bottels)
Lusern vir perde en donkies










Bring wat jy kan voor 31 Oktober.



## UITSLAE

**Interskole redenaars**

Die interskole redenaarskompetisie het gister plaasgevind by Willem Postma en 8 skole het hieraan deelgeneem. Tehila de Bruyn en Pieter Viviers het namens Tjokkies deelgeneem. Pieter het derde gekom van die seuns. Baie geluk julle – julle het ons naam hoog gehou!

**Spelkompetisie**

Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke behaal het tydens die spelkompetisie:

Liana van Niekerk – 4de

Tehila de Bruyn – 7de

Calem du Toit – 10de

# TJOKKIES

## Ondersteunersklub

# Welkom by die Tjokkies Ondersteunersklub!

## Doel van die klub?

Om finansiële bystand te gee aan skoliere met die oog op
die bevordering van sport, kultuur en akademiese aktiwiteite.

Om groter betrokkenheid by skoolaktiwiteite te bevorder.

Om 'n positiewe Tjokkie-beeld aan die publiek uit te dra.

## Watter voordele is daar verbonde met aansluiting?

Toegang tot die skool se sportgronde (swembad en geboue uitgesluit)
oor naweke asook na afhandeling van skoolaktiwiteite.

Die aankoop van die klub se ondersteunersdrag.
Hemde @ R350 en hoed @ R150.

**Hou sosiale media dop vir meer**

**Sluit nou aan via eenmalige betaling en betaal slegs vir 2025.**

## Wat is die koste?


Primêre lede (1ste ouer) - R900 per jaar of R90 per debietorder vir 11 maande.
Sekondêre lid (2de ouer) - R600 per jaar of R60 per debietorder vir 11 maande.
(Januarie tot November)
Sluit nou aan via eenmalige betaling en betaal slegs vir 2025.


Inligting, hemp- & hoedbestellings asook grondwet is by Annelize by die kantoor beskikbaar.

Vir verdere inligting:

WhatsApp: 0826740009
Email: tjokkiesondersteunersklub@gmail.com


VOLVO
Experience the power of innovation
in the new Volvo XC40 Mild Hybrid
and get R40 000 assistance
Volvo Cars, 52 Zastron St,Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, Free State I 051 403 4200
www.bloemfontein.volvocars.co.za


Kia Sonet
The best just got better.
0% Deposit, 0% Balloon from
R 4 699pm
On a step payment plan
Ts & Cs apply. E & OE.
Kia Bloemfontein
52 Zastron Street
051 403 4200



Boeksakkies vir Gr. 4

7 boeksakke @ R350 of R50 elk.

Bestel en betaal kontant by

Juf. Lianza (Gr. 3 C)

(0724889802)

Beskikbaar vanaf 25 Okt.